

24

DIE GEBOORTE VAN JESUS Kersfees

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders en ouers moet weet dat ons met Kersfees aan Jesus se geboorte dink.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die ouers en kinders moet weet –

- Jesus is in Betlehem gebore.
- Jesus is as babatjie gebore en Hy was ook 'n mens.
- Jesus se aardse pa en ma was Josef en Maria.

Gesindheid

Die kinders en ouers moet dankbaar wees dat Jesus na die wêreld gekom het om hul sonde weg te neem.

Vaardigheid

Die kinders en ouers moet in staat wees om met blydschap geskenke met Kersfees uit te deel en te ontvang.

MEER INLIGTING (Lukas 2: 1-7; Matteus 1: 18-25; Matteus 2: 1-12)

'n Engel het na 'n vrou met die naam Maria toe gekom en vir haar goeie nuus gebring. *Jy gaan 'n babaseuntjie hê*, het die engel gesê. *Hy sal die Seun van die Allerhoogste genoem word en jy moet Hom die Naam Jesus gee.* Maria was baie bly oor hierdie wonderlike nuus en het vir die Here dankie gesê dat Hy haar wou gebruik om sy Seun in die wêreld te bring.

Maria was verloof aan 'n man met die naam Josef. God het in 'n droom met Josef gepraat en vir hom gesê dat hy nie bang hoef te wees om met Maria te trou nie.

Jesus is in 'n klein dorpie met die naam Betlehem gebore. Terwyl Josef en Maria in Betlehem was, was daar ook baie ander mense. Daar was soveel mense dat hulle nie 'n plekkie kon kry waar hulle die aand kon slaap nie. Die enigste plek was in 'n stal, 'n plek waar die diere in die aand geslaap het.

Terwyl Josef en Maria in die stal geslaap het, is Jesus daardie aand gebore. Maria het Jesus styf toegedraai in doeke en in 'n krip, die bak waaruit die diere hul kos geëet het, neergelê om te slaap.

Jesus is gebore sodat Hy die wonderlikste ding hier op aarde kon kom doen. Hy het mense se sondes kom wegneem. Ons moet met Kersfees en elke ander dag van die jaar baie bly wees oor Jesus se geboorte. Jesus is 'n groot geskenk aan elkeen van ons.

Kersfees vertel vir ons van die geboorte van Jesus, en dit is vir almal baie belangrik.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- Mediumgrootte polistireenballe, een vir elke kind.
- Lint vir elke bal, lank genoeg om om die bal te kom en 'n strik te maak.
- Gom.
- Blinkers en sterretjies om op die bal te plak.

KOM ONS BEGIN

As jy 'n CD met Kersfeesliedjies het, speel een of twee daarvan en open met gebed.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Sing Gesang 542: 1 en 2 of gebruik dit as 'n gebed.

*Jesus, ons loof U! Jesus, ons prys U!
Laat ons met eng'le 'n loflied sing-
nie meer verlore; U is gebore!
Ontvang die dank wat ons U bring!*

*Jesus, ons loof U! Jesus, ons prys U!
Neem U ons harte en maak dit rein
dat ons, gelowig, U dien met liefde –
ontvang die lof van kinders klein.*

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel die geskiedenis van Jesus se geboorte.

IETS BELANGRIK

As 'n CD van *Stille nag, heilige nag*, Gesang 348, beskikbaar is, speel dit en laat die ouers en die kinders lekker saamsing. As jy nie 'n CD het nie, vra die orrelis of julle saam met hom of haar by die orrel mag sing.

*Stille nag, heilige nag!
Jesus-kind, lank verwag,
Lig uit Lig, uit die Vader se ryk,
word uit liefde aan mense gelyk.
Loof die hemelse Kind!
Loof die hemelse Kind!*

*Stille nag, heilige nag!
Hemelvors, ons gee ag
op die lied van die engelekoor.
Herders het dit die eerste gehoor:
Juig, die Redder is daar!
Juig, die Redder is daar!*

*Stille nag, heilige nag!
Jesus, Heer, voor u mag,
voor u ryk moet die duisternis swig;
tot in ewigheid bly U die lig –
Heer, gebore vir ons!
Heer, gebore vir ons!*

IETS OM TE DOEN

Verduidelik soos volg hoe om 'n Kersfeesbal te maak:

- Draai die lint om die polistireenbal.
- Knoop 'n groot strik waar die punte bymekaar kom.
- Plak die bal vol blinkers en sterretjies.

Laat elke kind en sy of haar ouers 'n Kersfeesbal maak.

BY DIE HUIS

- Laat die kinders die Kersfeesballe vir hul ouers as 'n geskenk gee en soos volg gaan vertel van hul blydschap oor Jesus se geboorte: *Ons is baie bly oor Jesus se geboorte en daarom gee ons Kersfees vir mekaar geskenke. Jesus is God se grootste geskenk aan ons.*

- Omdat hulle en hul ouers se harte so bly is oor Jesus, kan hulle hul huis versier met die bal en ander mooi goed as hulle wil.
- Laat hulle enigiets oor Kersfees in hul boeke teken.

AFSLUITING

Sluit af met die sing of lees van Gesang 543 as gebed en nog Kersliedere van die kinders se keuse.

*Here Jesus, ek is klein,
maak U self my lewe rein.
Laat ek altyd van U leer;
laat ek grootword tot u eer.
O Jesus, neem my,
o Jesus, lei my,
o Jesus, sterk my
en vorm my tot u eer.*

*O Verlosser, maak my sterk,
vlytig om vir U te werk;
laat my tog gehoorsaam bly,
altyd gaan waar U my lei.
O Jesus, neem my,
o Jesus, lei my,
o Jesus, sterk my
en vorm my tot u eer.*

*Heiland, laat my nooit vergeet
dat U alles van my weet;
al is niemand ook by my,
sal U, Here, by my bly.
O Jesus, neem my,
o Jesus, lei my,
o Jesus, sterk my
en vorm my tot u eer.
Amen.*